# Grootmoeder se naam ontbreek

SMM-0003-0003-006

**Helen Sebidi**
**Wits**
**Elza Miles**

**HELEN SEBIDI** is vanjaar aangewys vir Standard Bank se Jongkunstenaars-Prys. Vir die katalogus van haar tentoonstelling by hierdie geleentheid skryf Marion Arnold 'n inleiding. Daarin word die stand van die vermaledyde vrou in Suid-Afrika belig: Polities en sosiaal. Die ironie in die stukkie geskiedskrywing is dat Arnold 'n uitgediende gebruik bestendig.

Sebidi ontvang haar waardevolle eerste bekendstelling aan artistieke uitdrukking van haar ouma: "Her grandmother, a traditional mural painter" (p.3). Sebidi se grootmoeder en haar vroeë werkgewer – self 'n "amateur artist" – wat aan Sebidi haar eerste doos met verf gee (p.10), bly naamloos. Die mans: John Koenakeefa Mohl, Lucky Sibiya, Stanley Nkosi en David Koalane wat elkeen 'n rol in haar verdere loopbaan gespeel het, word by name en met geboortedatums (in Mohl se geval ook sterfdatum) geboekstaaf. So skryf Arnold twee vroue, 'n ouma en 'n werkgewer, af in die anonieme vergetelheid.

Ek gee aandag aan die aspek omdat dit hierdie tweespalt is (uit twee monde praat) wat ook Sebidi se vormgewing bedreig. Slegs deur vrede te maak met die naamlose grootmoeder en haar lesse in oppervlakversiering as selfstandige uitdrukking te erken, sal Sebidi begin onderskei tussen afgeleide vlakvulling en verwringing enersyds en storievertelling andersyds. Die twee beeld-rigtings versoen nie in haar skilderye en tekeninge wat nou ten toon gestel word nie.

Ek maak hierdie afleiding omdat die volgende my opval in Sebidi se kuns. As sy teken of skilder, sluit haar vormgewing aan by beproefde voorbeelde van manlike kollegas: Aanvanklik Mohl, later Mandla Nkosi en Malangatana N'gwenya Valente. Wanneer sy met klei werk en haar oorgee aan die ervaring en kennis wat sy aan grootmoedersknie opgedoen het, groei unieke kunswerke. Haar groot gepolyste teepotte/waterhouers met die sierlike tuite/handvatsels kan nou – by nabetragting – gesien word as beskeie voorlopers vir Hennie Stroebel se wenstukke op vanjaar se Volkskas Atelier-tentoonstelling. Dié uniekheid word in haar skilderye en tekeninge verdring deur verwringings in die trant van Mandla Nkosi en eenselwig-masjinale fatsoenbedekking. Haar gebruik van *papier collé* is nou nadat 'n mens bekend is met Nkosi se rou aanwending daarvan, regtig afgesaag. Sebidi se beeldende energie is van so 'n aard dat sy die foefies gerus kan agterlaat.

My kritiek is nie 'n pleidooi dat Sebidi in klei bly werk nie, maar dat sy die durf en visie wat sy in daardie klei stukke openbaar, moet volg in haar skilderye en tekeninge.

Aan durf ontbreek dit haar nie. 'n Mens hoef jou maar net te herinner hoe sy kon loskom van die landelike liriek van haar eerste suksesse.

☐ **Tot Vrydag.**



SEBIDI. . .vormgewing sluit aan by beproefde voorbeelde van malike kollegas.

# Ontnugtering van kammaland

**Steven Cohen**
**Gallery on the Market**
**Lucia Burger**

DIE tekstiele wat Steven Cohen ontwerp het min uit te waai met pienk rosies en skoenlappertjies. Hy gebruik eklektiese samestellings van beelde waarmee hy ironiese sosiale, politieke en persoonlike stellings maak.

Cohen het sy opleiding ontvang aan die Ruth Prowse-Kunsskool in die Kaap. Sy werk is reeds vroeër ten toon gestel by die Mark-Teater se kunssaal en in Zona-Kunssaal in Norwood. Hier het 'n mens reeds kennis gemaak met sy gunstelingtema: "Aspoestertjie in Kammaland" – die reaksie op 'n persoonlike en geheel onbevredigende kennismaking met die weermag. Aspoestertjie is die verpersoonliking van die individu se bestaan met die ontnugtering met "Kammaland". Dit word duidelik toegelig deur die samestelling van beelde soos oopgevlekte Voortrekkermonumente, Paul Kruger, 'n hottentotsgot, 'n enkele starende oog, buffels, larwe, die Suid-Afrikaanse parlement uit die jare vyftig, Giotto se lyfwringende engeltjies wat hul lot bekla of 'n kermende katgesig. Uit sy omgewing haal hy ook 'n klein swart seuntjie met 'n yslike donker bril, Ndebele vroue, wapens, soldate en inploffings.

Hy verklaar: "My concerns are social and personal and political and whimsical . . . and always in more than too many colours." Die kleur onderskryf die skoktegniek waarna hy mik in helder teenstellings of doelbewuste disharmonie. Die vreemde beeldsamestellings word naasmekaargestel of oormekaar gedruk of dieselfde beeld word soos in die "multiples" van Andy Warhol ritmies herhaal.

Met hierdie tentoonstelling illustreer hy die funksie van die tekstiele en vertoon voorbeelde waarin dit verwerk word as stofeermateriaal vir meubels soos 'n soete "kitsch" wit sitkamerstel met goue krulle van Louis XIV. Hy vertoon ook gordynstof, kussings, lampe, tafeldoeke en muurbehangsels. Paul Kruger se gesig versier 'n stoel en selfs 'n laken tesame met inploffings, die Voortrekkermonument en 'n klassieke Moeder en Kind – die naam van die laken is heel treffend: *I got the blues so bad . . . I can't sleep it off.*

Die blues waarna hy sekerlik verwys hou direk verband met sy eie assosiasie met die regering (hede en verlede) en die implikasie dat Aspoestertjie se Kammaland nie 'n Droomland is nie. Waar hy egter afwyk van hierdie herhalende en direk aanvallende beelde is sowel beelde as kleur vars en verfrissend. Dit is altyd aanloklik om een tema wat as gewild bewys is tot vervelens toe te herhaal ten koste van ware skeppende denke.

☐ **Tot 23 Augustus.**

Kalender 08 08 89 :2